# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL X. VRYDAG, 19 AUGUSTUS 1955 NR. 9


# PUIK VERTONING DEUR P.U.-STOEISPAN!

## SPANTOU SWANEPOEL UNIVERSITEITSKAMPIOEN

Wat beskou kan word as een van die grootste suksesse wat 'n P.U.-span nog tot dusver op 'n inter-Universitêre sporttoernooi behaal het, het hierdie afgelope vakansie plaasgevind toe die Stoeispan van die P.U. tweede geëindig het in die inter-Universitêre Stoeikampioenskappe wat op 5 en 6 Julie te Wits gehou is. Vyf Universiteite het aan hierdie toernooi deelgeneem nl. Kaapstad, Stellenbosch, Wits, Pretoria en Potchefstroom. Universiteit Pretoria het die toernooi gewen met 'n totaal van 18 punte. Kort op hulle hakke was die Pukspan met 14 punte. Stellenbosch en Wits het die derde plek gedeel met ses punte elk en Kaapstad laaste met twee punte. Verder het die Pukspan ook drie Universiteitskampioene opgelewer in die persone van Spantou Swanepoel (bantamgewig), A. Visser (ligswaargewig) en J. du Plessis (veergewig). 'n Vierde beker is deur die Pukspan verower en wel deur Wynand Putter, die kaptein, wat die beker vir die beste verloorder ingepalm het.

Die Pukke het egter enkele terugslae gekry toe Groot Dick Putter nie aan die toernooi kon deelneem nie weens 'n besering wat hy opgedoen het in 'n provinsiale wedstryd teen Boland, en tydens die toernooi moes Bezuidenhout hom ook weens 'n besering verder van die toernooi onttrek. Indien die Pukke nie hierdie vroeë teenslae ondervind het nie, sou dit geensins verbaas het as hulle die eerste plek op die toernooi verower het nie.

### VERLOOP VAN WEDSTRYDE

Op die eerste aand van die toernooi het Sarel van der Westhuizen en Pieter Brand met die eerste uitdunne hulle kragmetings verloor nadat elkeen 'n geveg met punte en 'n geveg met 'n val verloor het. Wynand Putter en V. Kleyn het ook hulle eerste gevegte verloor, eersgenoemde met punte en laasgenoemde met 'n val dog in hulle tweede gevegte onderskeidelik het elk hulle kragmetings met 'n val gewen om sodoende te kwalifiseer vir die finaal. Ook Spantou Swanepoel, Visser en Du Plessis het al hulle gevegte op die eerste dag gewen om te kwalifiseer vir die finaal. Bezuidenhout het 'n loslootjie getrek om sodoende outomaties te kwalifiseer vir die finaal.

**Op die laaste dag van die toernooi het Spantou, Visser en Du Plessis hulle gevegte gewen en ook so die nuwe Universiteitskampioene in hulle onderskeie gewigsafdelings geword.**

Wynand Putter het albei sy gevegte gewen om tweede in sy afdeling te eindig. Kleyn het een van die twee gevegte verloor om derde te eindig. Soos reeds aan die begin van die berig genoem is, moes Bezuidenhout hom op die tweede aand onttrek weens 'n besering met die gevolg dat hy nie in staat gestel is om enige plek te verower nie.

### GOEIE AFRIGTING

In 'n onderhoud met die sekretaris van die Stoeiklub het dit aan die lig gekom dat die deelnemende Universiteite uiters verras was met die goeie gehalte en afrigting van die P.U.-stoeiers, wat grotendeels toe te skryf is aan die afrigter, mnr. Brown.


Volgens die „Rand Daily Mail" het Sarel van der Westhuizen baie puik gestoei terwyl dieselfde koerant vir Wynand Putter baie hoog aangeskryf het en wyt hulle sy enigste neerlaag toe slegs aan die feit dat hy nog nie veel ervaring opgedoen het nie. Die koerant was ook die mening toegedaan dat Putter 'n baie goeie kans staan om aanstaande jaar kampioen te word, wanneer die volgende inter-Universitêre toernooi te Kaapstad aangebied word.

Tot die bestuur van die Stoei-unie van die Suid-Afrikaanse Universiteite is twee Pukke verkies, nl. Wynand Putter en Pieter Brand. Ook met hierdie verkiesing op die genoemde bestuur, ons hartlikste gelukwensinge.

Die redaksie van Die Wapad wil Wynand Putter en sy stoeispan van harte geluk wens met hulle trotse prestasies.

## ADV. STRAUSS STEL V.P.-STANDPUNT AAN PLAASLIKE A.S.B.

Adv. J. G. N. Strauss, leier van die Oppsisie, het Donderdagaand, 11 Augustus voor die plaaslike tak van die A.S.B. opgetree met 'n toespraak oor: „Ons Afrikaners en ons politieke organisasie." Hy het na Potchefstroom gekom as 'n gewone Afrikaner, 'n boereseun uit Calvinia, het adv. Strauss gesê, om 'n geselsie met sy mede-Afrikaners te hê oor diepere politieke sake, want die Afrikaner stel belang in politiek en as demokratiese volk glo hy in die stelsel van politieke partye.



SPANTOU SWANEPOEL,
Universiteitsbantamgewigkampioen

Adv. Strauss het in sy toespraak die vraag gestel: **Wat moet 'n politieke party aan die denkende kieser bied?** Sy antwoord was dat hy aan die kieser die reg en voorreg moet bied om van sienswyse te verander. Churchill het van party verander en so ook genl. Smuts. Daarom verwelkom die Verenigde Party, waarvan adv. Strauss die leier is, enige opbouende kritiek. Hy beskou dit as 'n gesonde verskynsel.

### „V.P. BIED VEILIGE TUISTE"

Spreker het hierna aangetoon dat die Verenigde Party 'n veilige tuiste vir enige denkende kieser bied. Die party is nie rewolusionêr nie, maar ewolusionêr en daarom in een lyn met die Republikeinse Party in die V.S.A. en die Konserwatiewe Party in Engeland. Wat die kleurkwessie betref, handhaaf die Verenigde Party die beleid van streng beheerde ekonomiese integrasie. Die naturellevraagstukke is vir hulle nie slegs 'n keuse tussen totale apartheid en totale gelykstelling nie, maar dit het honderde afsonderlike vraagstukke waarvan elkeen 'n eie antwoord verdien.

Adv. Strauss het geweet dat hy min simpatie vir sy standpunt uit die gehoor sou kry, en tog het hy nie geskroom om sy standpunt duidelik en met oortuiging te stel nie. Aan die ander kant het die studente hom met gepaste eerbied en hoflikheid ontvang, sodat adv. Strauss na sy toespraak weer opgestaan het om die studente te bedank vir die aangename gehoor wat hulle hom gebied het.

## MIN. JAN DE KLERK VOOR KORPS

**Op die eersvolgende programvergadering van Korps Veritas Vincet wat op die 1ste September om 7.30 nm. in die Studentesaal sal plaasvind, sal die Minister van Arbeid, senator Jan de Klerk, met 'n lesing optree.**

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.

**J. TOD SUTTIE.**

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

**UNIE BAKKERYE**

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.

Kerkstraat 38, Potchefstroom.

Spoorwegstraat, Klerksdorp


**MOOIRIVIER-APTEEK**

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM


Telefoon 380.

**Die Apteek vir Diens!!**




**Eerste in die wêreld**

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Lux—die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk—geniet. Dit bied nog groter genot—die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook—geen teken van tongbrand nie.




Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
5 vir 20, 3/6 vir 50

*Rembrandt*

**VAN RIJN**

FILTER DE LUXE

met die „GOLDEN THROAT"-filter

**Studente . . . !!**

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

Kerkstraat 90 — Telefoon 497

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE en KOLONIALE

- Wynsoorte

en

- Spiritualieë

**DIE BULT Algemene Handelaar**

Von Wiellighstraat 20,

VIR ALLE KRUIDENIERSWARE, HARDEWARE, SIGARETTE, ens.

**J. HEIDEMA**

Vir FIETSE en MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**

(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

# Die Wapad

VRYDAG, 19 AUGUSTUS 1955

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.



REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR ..... M. J. Strydom.

ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR E. J. Smit.

NUUSREDAKTEURS ..... Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg, Mej. M. M. Malan, J. T. C. Snyman.

KUNSREDAKTEURS ..... Mej. J. M. T. van der Merwe. C. D. Roode.

SPORTREDAKTEURS ..... Mej. L. Grobbelaar. M. J. Strydom.

VARIAREDAKTEURS ..... Mej. L. du Plessis. S. P. B. Buys. W. van der Ahee.

SPOTPRENTTEKENAAR ..... J. M. Smith.

FOTOGRAAF ..... P. Thiel.

ADMINISTRASIE

VOORSITTER ..... A. S. Hechter.

LEDE

Mej. B. Smit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, H. van der Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, H. J. S. Swanepoel.


# DIENS UIT LIEFDE

Dit is mooi om diens te lewer, onbaatsugtige, selfopofferende diens. En dit is soveel mooier en edeler wanneer dit uit liefde geskied. Dan vergeet jy jouself. Dan lê jy jouself op die altaar ter wille van hom vir wie jy dien, ter wille van die saak waarvoor jy jou in diensbaarheid wil oorgee. Dit verruim jou siel en met jou geestesoog sien jy reeds die verwesenliking van die skoonste ideale — en jy het self daaraan meegehelp. Daarom bring dit ook selfbevrediging.

Twee van ons staatmakerverenigings het die afgelope vakansie weer hierdie taak op hulle geneem om fondse in te samel wat ons nodig het om ons studentelewe op 'n vaste voet te plaas. Ons het soveel verwagtings, ons koester soveel ideale vir ons studentelewe en tog, sonder die fasiliteite en sonder die finansies daarvoor bly dit alles blote lugkastele. Maar stap vir stap kom ons nader daaraan, tree vir tree gaan ons voort op die weg om dit te verwesenlik, omdat ons nog studente het wat die nodige daadkrag en liefde het om op te offer vir ons ideale. Ons is dankbaar vir sulke studente wat nog soveel oor het vir ons Alma Mater.

Maar dit gaan nie om die geld alleen nie. Ons het nog 'n ander taak ook. Want waarom sou ons dan 'n gesonde studentelewe begeer? Om onsself? Nee, maar ons wil weer in diens staan van ons breë volkslewe en as ons in beskeidenheid ons deel kan bydra tot die opbou van 'n volk wat sterk staan in sy Calvinistiese beginsels, dan sou dit aan ons selfbevrediging gee, nie om daarna te reken dat ons taak afgehandel is nie, maar met die wete dat ons taak so pas begin het, want die stryd lê nog voor. Die ideale wat ons op hierdie terrein verwesenlik wil sien is byna te magtig vir ons. Maar tog sal ons nie daarvoor skrik en omdraai soos hulle wat sonder hoop is nie.

Innerlik word ons gedryf om alles in die weegskaal te gooi, om onsself op die altaar te lê. En die drang wat ons dryf is die liefde: liefde vir ons Alma Mater en liefde vir ons volk.

—E.J.S.


Enslins DRUKKERS VAN „DIE WAPAD"


## Oordenking

# 'n Stryd teen die Gebed

**Daniël 6: 6: „Daarop het dié manne gesê: Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens."**

Daniël, vertroueling en regterhand van koning Darius, die Meder, was 'n gevaarlike konkurrent vir die ander vorste en stadhouers. Hulle wou hom graag uit die weg ruim omdat hy bo hulle uitgemunt het, soveel dat die koning selfs van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel. Daarom het hulle na 'n grond vir 'n aanklag begin soek om hom in onguns by die koning te bring.

Maar Danieël was getrou aan sy koning. Daar was 'n voortreflike gees in hom. Daarom kon sy teenstanders geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom vind nie.

Daniël se teenstanders was egter listig — so listig soos die een wat hulle aangevoer het. Hulle het geweet dat Daniël getrou tot sy God gebid het. Daar sou hulle iets teen hom vind. Hulle sou die koning se ydelheid vly, hom versoek om 'n bevel uit te vaardig dat hy en hy alleen vir dertig dae as 'n god aanbid moet word. Darius moes 'n onherroeplike wet van Mede en Perse maak en dat diegene wat dit nie sou uitvoer nie, in die leeukuil gewerp sou word. Hulle het Daniël geken. Hy was bo alles getrou aan sy God.

Eintlik is Satan hier aan die werk. Die vorste en landvoogde wil Daniël slegs van sy posisie beroof, om dit vir hulleself te kry. Dat hy God dien, laat hulle koud. Hulle jaloesie en naywer het hulle daartoe gedryf om Daniël, op die oog af heeltemal „wettig", te vermoor om sy posisie in die ryk te bekom. Daarvoor het hulle hierdie slinkse plan uitgedink.

Maar nie hulle nie. Nee — Satan is die meesterbrein agter die hele komplot teen die dienskneg aan God. Satan het 'n ander doel as die arme landvoogde. Die stadhouers is slegs instrumente in SY hand. Satan het dit teen die biddende Daniël. Dit laat HOM koud of Daniël selfs koning van Mede en Perse word, solank hy hom maar kan laat ophou bid!

Ja, so kom die aanslae op die gebed, die teenkanting van ons aartsvyand. Dit is vir Satan 'n doring in die vlees om 'n biddende Daniël te aanskou. Dit is die oeroue stryd wat woed tussen Christus en die vors van die duisternis. Op een of ander tydstip sal ons elkeen die aanslae van Satan ondervind. Ja, hy gaan rond soos 'n briesende leeu wat net wil verslind in magtelose woede.

Hoor ons nie reeds die swaar dreunende voeteval van die Antichris naderkom nie. Ja, dit is reeds vyf minute voor twaalf, reeds byna middernag! Elke dag gaan meer en meer profesië van die Bybel in vervulling in ons koerante. Hou hulle maar dop. **Laat ons dan saam met 'n Paulus uitroep: Bid sonder ophou! En as ons swak word, dank God, daar is 'n biddende Christus aan die regterhand van 'n liefdevolle Vader! Laat ons ons oë hemelwaarts wend waar ons hulp vandaan sal wees; want Hy sê: Kyk, Ek kom gou! Mag ons antwoord wees: Ja, kom Here, kom gou!**

J. T. C. SNYMAN.


WESTVAAL

Studente !!!

VIR KWALITEIT

DROOGSKOONMAAK

STUUR NA

WESTVAAL

W. A. VENTER

HORLOSIEMAKER • JUWELIER.

KERKSTRAAT 152, POTCHEFSTROOM.

•

FAHIR-VERLOOFRINGE

•

MAKLIKE TERME . . . . . . . GEEN DEPOSITO.

Alle soorte Reparasies! Alle werk gewaarborg!

# HOOFARTIKEL IN DIE „WAPAD" LOK POLEMIEK UIT

**Die hoofartikel wat in „Die Wapad" van 28 Junie verskyn het, het baie reaksie van die kant van ons lesers uitgelok. Die redaksie het dan ook gevoel dat slegs enkele briewe wat in hierdie verband ontvang is, en verteenwoordigend is van die talle ander, geplaas sal word. Hieronder verskyn hierdie briewe dan ook, tesame met die redaksie se kommentaar en verweer op die aanvalle wat gemaak is:**

Dawie du Plessishuis.
3-8-1955.

Geagte Redakteur,

Met alle waardering vir die hoë peil wat deurgaans in die stof van u geëerde blad gehandhaaf word, voel ek tog dat daar een besondere puntjie is wat nie onaangeroer mag bly nie. Ek verwys na die hoofartikel: „VERWYDER EERS DIE BALK UIT EIE OOG" in „Die Wapad" van 28 Junie.

Wat my hinder, is nie in die eerste plek die feit dat die artikel aan gebrek aan samehang en duidelikheid mank gaan nie — ek neem aan dat die geagte skrywer sy bes probeer het om self die verband wat hierdie sake met sy opskrif het, te snap.

Wat ek egter wel as onnodig en onregverdig beskou, is die ongegronde beskuldiging wat teen die mans van Dawie du Plessishuis gerig word: **„Die mans weier om langer saam met die dames aan dieselfde tafel te eet, ten spyte daarvan dat die dames hulle die minderes getoon het deur om verskoning te vra."** Geagte redakteur, hier word **twee onjuisthede verkondig.**

Die ware toedrag van sake is dit: Die mans het voor die samesprekings wat daar gevoer is, besluit om hulle by die besluite van die huisvader neer te lê, maar om 'n kommissie te benoem om op die griewe van die dames in te gaan en die saak in die reine te probeer bring. Dit is gedoen, nadat geblyk het dat negentig persent van die klagtes ongegrond is en alleen voortspruit uit 'n epidemie van massa-histerie. Daarmee is 'n versoening bewerkstellig, en het die mans van Dawie Duplessishuis die saak as afgehandel beskou, **ten spyte daarvan dat die dames nie om verskoning gevra het,** soos die geagte skrywer beweer nie.

Hoeseer die oorgrote meerderheid van die mans van Dawie du Plessishuis ook die tweespalt wat daar gekom het, betreur — nog meer betreur hulle die feit dat buitestaanders op grond van derdehandse inligting onbekookte oordele vel. Dit dien beslis nie ter bevordering van die groter eenheidsgevoel waarvoor die gegte skrywer van die hoofartikel pleit nie — Ja waarlik: LAAT ONS EERS DIE BALK UIT ONS EIE OOG VERWYDER!

Ek dank u vir plasing,

**J. A. van Rooy.**

Dawie du Plessishuis.
2 Augustus 1955.

Geagte Redakteur,

Dat „Die Wapad" gedurende die afgelope halfjaar 'n tot dusver ongekende standaard daargestel het waarop die redaksie met reg trots kan voel, val sekerlik nie te betwyfel nie. En dat hierdie ywer en vaardigheid ook buite P.U.-geledere waardeer word, word onweerlegbaar deur die ondersteuning van u adverteerders bewys. Niks en niemand is egter volmaak nie, en daarom bied dit veel stof tot dankbaarheid dat die redaksie onvermoeid daarna streef om die gehalte van „Die Wapad" steeds te verbeter. En in die lig van hierdie strewe van u moet u dan ook hierdie skrywe beskou.

Die hoofartikel van u jongste uitgawe (Deel X nr. 8) is ongelukkig ietwat in die rigting van 'n teleurstelling na „Dra mekaar se laste" (Deel X nr. 2) en andere van dieselfde skrywer. Nie alleen ontbreek die duidelikheid en die direktheid wat vroeër E. J. S. se pennevrugte gekenmerk het nie, maar boonop maak die afwesigheid van 'n inherente hoofgedagte soiets soos eenheid en samehang onmoontlik. Maar wat miskien die meeste hinder, is die oorsese verslaggewertaktiek van die skrywer. „Life" en Kie. sal gewis bloos om sulke duimsuig-produkte te publiseer as wat veral die eerste paragraaf van die betrokke hoofartikel ontsier. Dit is nou eenmaal 'n feit dat 'n mens liewers 'n saak behoorlik moet ondersoek voordat jy iets daaroor wil sê — ten minste, as jy verwag dat jou woorde ingang moet vind. En dit is juis wat elke P.U.-student graag van „Die Wapad" wil sien. Miskien sal dit die moeite loon om onpartydig op die betrokke episode van Dawie du Plessishuis vs. twee oorhaastige klaagsters in te gaan indien u u lesers weer iets van hierdie onsmaaklikheid wil laat hoor.

By dit alles moet egter die vol program van die redaksie — en E. J. S. — as gevolg van hul prysenswaardige ywer in gedagte gehou word sodat ons seker alle reg het om te hoop en te vertrou dat die betrokke hoofartikel die resultaat eerder van te min tyd as te min belangstelling is en dat dit nie 'n weerspieëling is van wat die volgende paar uitgawes van „Die Wapad" gaan oplewer nie.

Hartlik dank vir plasing,

TJAART V.D. WALT.

## E. J. S. SE ANTWOORD

Dit is verblydend om te sien dat daar met soveel nougesetheid gewaak word oor die gehalte en korrektheid van die artikels in ons blad. Dit gee ons kontak met ons lesers en dit is hoogs nodig vir die goeie vooruitgaang van dit wat ons in swakheid wil bied.

Wat die bskuldigings betref oor die gehalte van genoemde artikel wat gebaseer sou wees op „derderangse inligting", wat „Life en Kie" sou laat bloos," beskou ons as persoonlik en laat dit daarby.

Aangaande die „onwaarhede" dan: dit mag wel wees dat die dames nie as groep teenoor die mans as groep hulle verskoning aangebied het nie, maar dit was ons bedoeling ook nie. Daaroor weet andere meer. Dit sou egter aan die gesindheid by die dames min verskil maak. Wat wel waar is, is dat daar by individuele gevalle verskoning aangebied is en wel in so 'n mate dat ons dit as algemene gesindheid onder die dames kon karakteriseer. En die verskoning dat die huisvader se reëling so aanvaar is, sien ons alleen maar as 'n bevestiging van dit wat in die eie gemoed aangegaan het. Wat vir ons dus van meer belang is as die formele dinge waaragter ons kritici skuil is die gesindheid waarmee alles gepaard gegaan het en waarop ons in genoemde artikel ook gewys het.

**E. J. S.**

## „HOOFARTIKEL VOLKOME GEREGVERDIG"

Klawerhof,
P.U. vir C.H.O.,
10 Aug. 1955.

Geagte Redakteur,

'n Grootkop het eenmaal gesê: „Om konstruktief te wees moet mens dikwels eers destruktief te werk gaan. Redelik denkende persone sal die noodsaaklikheid daarvan insien en die destruktiewe element saam met die konstruktiewe aanvaar.

Vuurvreters sal opgesweep raak, die destruktiewe element gryp en 'n verdere verwoestingsveldtog op tou sit.

Die rede? Dit mag kompensasie wees, of is dit maar 'n kwessie van die waarheid maak seer?

**As ons eerlik wil wees is die hoofartikel van „Die Wapad," 28 Junie, volkome geregverdig.**

M.i. is die spanning wat onlangs tussen mans en dames in Dawie du Plesis iets van die verlede. Tog word die stryd nog voortgesit deur 'n paar persone wat trag om „die waarheid aan die reine te bring."

Voel hierde persone verontreg of skuldig, of is ons besig, soos E. J. S. sê: „om ons te verknies oor nietige sake sonder om ons eers te vergewis wat daar op die spel is?"

Sal dit nie WERKLIK maar beter wees om eers die balk uit eie oog te verwyder nie, of raak ek nou Kommunisties?

EDNA KRUGER.

(Alhoewel die skryfster van hierdie brief nie melding maak van die waarheid of onwaarheid van die genoemde hoofartikel in „Die Wapad" van 28 Junie nie, kan tog afgelei word dat sy heelhartig saamstem met die inhoud van die artikel en dus ook met die geloofwaardigheid van al die feite wat daarin genoem word.—Red.)

Die dwase en die verstandige is ewe onskadelik. Slegs die half dwase en half verstandige is gevaarlik.

**PRESIDENT CAFE**

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS.

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"

('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n

**FIETS aan te skaf.**

**C. v. d. MERWE**

**FIETSHANDELAAR**

**Kerkstraat 92, Potchefstroom**

**PRO REGE-PERS**

**Boekhandel**

en

**Antikwariaat.**

vir al u

**Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.**

Kerkstraat 59 — Telefoon 1'

# Van Studenteraadsweë

Van Studenteraadsweë word 'n hartelike welkom u toegeroep na 'n tydperk van welverdiende rus. Mag hierdie 'n baie vrugbare kwartaal vir ons almal wees en mag ywer en bereidheid vir ons samesyn ook nie ontbreek nie. Ons wil vertrou dat u rus toereikend was want ons gaan welbewus 'n tyd binne waarin sesse baie skaarser is as paaltjies wat val voor die blitsboulers van ons geagte dosente-eksaminatore. Dis mos eksamentyd wat begin nie waar nie? Stuur maar glippe toe Pukke! Diegene wat dan nou vangskote gaan kolf moet dan maar die gevolge dra, nie waar nie?

## TOERE

Ons mag met baie toerendes terugsien op die harde arbeid wat in Rhodesië en Suidwes verrig is gedurende die afgelope vakansie. Dit is ook met diepe gevoel van dankbaarheid dat ons mag vermeld dat die toere ryk aan gees van offervaardigheid en samehorigheid was en daarom vanselfsprekend ook 'n sukses. Thalia het geskiedenis gemaak deur 'n huidige bate te toon van £400 terwyl die Alabama op die oomblik, ook nog voor hulle naweektoere, reeds £300 kan afdra. Ons herhaal hiermee kortliks die innige dank wat die S.R. verskuldig is aan hierdie toergeselskappe. Aan die leiers van die toere, mnre. Ockert Strydom en Johan van der Vyver: Baie dankie en veels geluk! U het geen opoffering gespaar in die diens aan u Alma Mater nie en sodoende 'n ryk seën gesien op u werk. Ook aan almal wat u ondersteun het en saamgewerk het aan die sukses gaan die hartelike dank van die S.R. U lojaliteit word baie hoog op prys gestel. Dan ook aan die geagte lede wat die S.R. verteenwoordig het, t.w. mnre. Jack Strydom en Bouie de Klerk asook aan die Senaatsverteenwoordigers, Prof. en mev. J. J. Snyman en Dr. en mev. H. J. Schutte ons hartlike dank vir die wyse waarop u met die toerlede saamgewerk het aan hierdie groot sukses.

'n Volgende woord van hartelike gelukwensing gaan aan die Amateurstoeispan van mnr. Wynand Putter wat aan die inter-universitêre stoeitoernooi te Witwatersrand-Universiteit deelgeneem het en ook met welslae uit die stryd getree het. Die jong spannetjie het vir ons universiteit naamgemaak deur 'n onverwagte tweede plek in te neem. Aan die kaptein dan 'n woord van dank ook vir al die opoffering en bekwame leiding wat hy tot stand gebring het. Aan Spantou Swanepoel wat as inter-universitêre kampioen bekroon is in sy afdeling, baie geluk. Mag u ook nog verder u Alma Mater tot eer strek.

Die dameshokkiespan het teen baie sterk kompetisie tydens die Inter-universitêre-dameshokkietoernooi in Kaapstad gedurende die afgelope vakansie hulle bes probeer om die studentehokkiewêreld te oortuig van hulle liefde vir die spel en hulle lojaliteit teenoor hulle Alma Mater. Aan al ons moedige dames gaan die dank van die S.R. en studente. Ons kan nie nalaat om die hulp te noem wat die dames op finansiële gebied die Studenteraad ge-[illegible]nk het nie. Aan die kapteine van [illegible]an en die dames ons hartelike

[illegible]der eer het ons Studentelewe te beurt geval toe mnr. Hennie Coetsee op die onlangse keuring van die Studente-konserttoer wat gedurende Desembermaand na Europa plaasvind gekies is. Ons wil hom hiermee hartlik gelukwens en die hoop uitspreek dat die toer baie aangenaam sal wees en dat hy verryk mag terugkeer.

## S.R.-VERKIESINGS

Ja, dit was die laaste kwartaal wat u ingegaan het saam met die huidige Studenteraad! Vroeg in September, eersdaags, sal ons saamstaan om vir ons 'n nuwe bemanning te kies vir die skip wat die swaar vrag van leierskap moet dra hier. Ons wil u hiermee opwek om die kennisgewingbord dop te hou vir verkiesingsdatums, datums vir jaarverslae en kleurevergaderings ens. Ons moet klaar wees hiermee voordat die stormwolk van eksamennood ons sonnige bestaan verdonker.

## BROSJUREBOEK

Die S.R. van 1955 stel dit as 'n ideaal om die „Brosjureboek" van ons studentelewe te laat druk voor die uitgang van sy werkjaar. Daarin beoog die raad die hersiening van al die konstitusies van die onder- en hoofliggame asook dié van die Studenteraad self. Dit moet 'n lewensgetroue weergawe wees van ons studentekonstruksie en 'n oorsig oor die jare waarin ons tot hier gekom het. Die S.R. wil u hiermee opskerp, geagte dames en here, om ywerig en kontensieus te wees in die hulp wat u ons gaan verleen om van hierdie omvattende saak 'n sukses te maak. Alleen met u daadwerklike ondersteuning kan hierdie saak die bedoelde vrugte afwerp.

## S.R.-SEKRETARIAAT

As gevolg van 'n operasie wat ons geagte sekretaris ondergaan het is hy nog nie weer op sy pos terug nie. Ons voel innig bly saam met mnr. Johan Buys dat die operasie 'n sukses was. Mag die volkome herstel ook daarop volg. Die S.R. het dan ook sy hulpsekretaris, mnr. Peet Smit gekoöpteer en vra u hiermee om hom dieselfde hulp te verleen as wat mnr. Buys nog altyd van u ontvang het.

Dienswillig,

Ph. C. SNYMAN, S.R.-Voorsitter.



## VAN DIE REDAKSIE

Ons Huis, P .U. vir C.H.O.,

Geagte lesers,

Nog 'n Julievakansie het gekom en gegaan. Bloubriewe, toere, toernooie, ontspanning en „studie" was aan die orde van die dag. En nou dat die tweede semester aangebreek het en die bome binnekort gaan bot, hoor ons onvermydelik die gerammel van nuwe onweerswolke oor ons hoofde — Eksamen! En as ons aan eksamen dink, kom ons tot die besef dat die jaar alreeds sy laaste stuiptrekkings begin gee. Ja, geagte lesers, ons het die laaste skof van 'n ander jaar bereik — 'n jaar wat weer eens gekenmerk was deur al die lief en leed wat die lewe 'n mens kan bied. Van redaksionele weë wil ons dan ook die hoop uitspreek dat die lief vir u gedurende die res van hierdie jaar die leed sal verdring en dat ook die eksamen wat talle van u alreeds hierdie kwartaal mee die stryd sal aanknoop, meer liefde as leed sal bring. Alle sterkte, dus, vir die laaste semester en mag u sukses behaal in alles wat u sal doen en aanpak.

In kort wil die redaksie dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om sy gelukwensings oor te dra aan alle klubs en verenigings wat ons Universiteit gedurende die vakansie in die vreemde verteenwoordig het. Ons dink bv. aan die toere van die Thalia en die Alabama wat saam ongeveer £700 vir ons Studentesaalboufonds ingesamel het, aan die Stoeispan wat tweede plek verower het op die Inter-Universitêre Stoeitoernooi te Wits, aan die dameshokkiespan wat minder goed gevaar het op die hokkietoernooi maar nogtans bo Tukkies ge-eindig het en ontsaglik baie geleer het.

Laastens wil die redaksie sy dankbetuiging oordra aan alle Pukke wat nie op die redaksie is nie maar nogtans hulle deel bygedra het om hierdie uitgawe van die „Wapad" moontlik te maak.

M. J. STRYDOM, (Hoofredakteur).


**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 65 — Potchefstroom



**HAROLD'S**

**AUTOMOBILE SERVICE STATION.**

Kerkstraat 166 — Telefoon 1293

Potchefstroom.

Voorradehouers van alle

**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**



**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**

vir alle

SPORTUITRUSTING en

SPORTBENODIGDHEDE.



**A. T. LUKE & KIE.**

**APTEKERS**

Vir al u . . .

- Mediese en skoonheidsbenodigdhede

sowel as

- Radio en Elektriese Benodigdhede,
- Kiekies ontwikkel en afdruk.

**Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39**



**CORNER FRUIT STORE**

vir al u

- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

VRUGTE en GROENTE.

Bekend van weë sy UITSTEKENDE DIENS!!



**I. GLASER—Juwelier**

NUWE ADRES:

vanaf 1 April

h/v. KERKSTR. en AUTOLAAN,




# „Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

** Uit fabrieke in **al vier die provinsies**, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

GI/441-2A




# Brokkies uit die Kunswêreld



## *Uitstalling van Skilderye toon Leemtes*

Besondere belangstelling is gaande gemaak deur die reisende uitstalling van reproduksies van beroemde skilderye wat van 1 tot 5 Augustus deur UNESCO in die kunssaal van die biblioteek aangebied is. Die afdrukke was oor die algemeen van besonder goeie gehalte en veral die Rembrandt-werke het aandag gewek. n Mens sou nietemin graag 'n beter keuse van werke uit die bepaalde periodes en skole wou gesien het; te dikwels is betreklik onbelangrike skilders as verteenwoordigend van 'n bepaalde skool bestempel. Meer besonderhede oor die uitgestalde skilderye self, i.p.v. alleen oor die skilders en skole, sou beslis gunstige reaksie uitgelok het. Die uitstalling het ook 'n te wye veld probeer dek en sodoende opvallende leemtes gelaat; indien alleen op enkele skole gekonsentreer was, sou 'n beter indruk geskep kon word.

Wel was dit aangenaam om werke uit die Ooosterse en Persiese skole op te merk. Hierdie kuns word te dikwels verwaarloos deur die Westerse kunsstudent.

**BRUEGHEL EN VERMEER**

Uit die Hollandse skool was dit veral Brueghel en Vermeer wat die aandag getrek het, naas natuurlik Rembrandt. Die Italiaanse skool was effens afgeskeep. Opvallend was dat die onderwerpkeuse byna deurgaans na die soetlike oorgehel het; meer van die dramatiek van Uccllo („Die slag by Romano"), Rembrandt (Selfportret, „Die Emmausgangers") e.a. sou beslis 'n aanwins gewees het.

In geheel genome wat die uitstalling nietemin bevredigend en aangenaam.


KOM SIEN ONS—

vir al u

- Fotografiese

en

- Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

**LOOCK**
**Kleremakers**
**Calderbanksgebou,**
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

**W. J. GROBBELAAR**
**MANS en DAMES-HAARKAPPER.**
Kerkstraat 97 — Telefoon 330.

**EXCELSIOR MEUBELS**

Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

*Beyers Claassen*

FOTOGRAWE — Nou ook te Kerkstraat 84 - - Foon 45
Kom Kyk na ons Uitstalling van KAMERAS

# „French Play was Good Entertainment"

—ALDUS „WINDHOEK ADVERTISER"

## Thalia Behaal Rekordwins

Die aanhaling: „French play was good entertainment for Windhoek," uit die „Windhoek Advertiser" van 19 Julie 1955, is 'n baie goeie aanduiding hoe die Thalia-toneelvereniging op hulle hele toer begroet is. „Mnr. Perrichon gaan op reis" was 'n baie suksesvolle keuse en hulle is orals baie goed ontvang — en vir die eerste keer in jare gaan Thalia 'n groot wins wys.



**Die Thalia-toneelgeselskap in opgewekte luim voor die stadsaal op Britstown afgeneem** Foto: N. Steenkamp

Mnr. Johan van der Vyver verdien alle lof vir hierdie toer van Thalia deur Suidwes. Dit was in alle opsigte 'n sukses as opvoering self, finansieel, sosiaal en as propagandamiddel vir die P.U.

### UITBLINKERS

Om spelers uit te sonder in hierdie opvoering sou baie moeilik wees. Tog was daar veral vier spelers wat deur die hele opvoering uitgeblink het:

**Jurie Gouws-Venter in die rol van mnr. Perrichon, wat die gehoor bekoor het deur sy gebare, Alwyn du Plessis as die majoor, van wie daar gesê is: „The finest acting of the evening . . . his appearance on the stage was far too brief." Naas Steenkamp as Daniel Savary, een van die mededingers om dile hand van mnr. Perrichon se dogter, Henriette en Bessie Seyffert as Henriette self. Ook Mariette Bisschoff in die rol van mev. Perrichon het uitgeblink.**

### FINANSIëLE SY

Oor die finansiële sy is daar nog nie absolute sekerheid nie, maar die vereniging hoop om 'n wins van oor die £400 te wys — en dis hoofsaaklik toe te skryf aan die onbaatsugtige ywer wat die toerlede aan die dag gelê het om eenvoudig van die toer 'n sukses te maak en ook aan 'n vrygewige publiek soos byvoorbeeld op De Aar ondervind is. Hier kan ook gemeld word dat al die „Pukkies" wat saamgeneem is om verkoop te word, binne die eerste vier vertonings uitverkoop was.

Die lede kan maar nie uitgepraat raak oor die aangename toer wat hulle gehad het nie. Die meeste lede het vir die eerste keer Suidwes besoek en dit alleen was al die moeite werd. Die aangename gees tussen die lede het egter die genot soveel verhoog. **Vir 'n groot mate was die geliefde reisouers prof. en mev. J. J. Snyman hiervoor verantwoordelik en selfs al het mev. Snyman eenkeer amper lelik gepraat, het alles onder hulle bekwame toesig baie goed verloop.**

Dit was nie die eerste keer dat 'n toergeselskap van die P.U. deur Suidwes toer nie, maar dit is beslis seker dat hierdie toer van Thalia weer die belangstelling in Suidwes vir ons Universiteit wakkergeskud het. Thalia sal Suidwes lank onthou en Suidwes vir Thalia!

**CACHET MODES [Edms.] Bpk.**

Open teen die tweede helfte van April te
TOMSTRAAT 56A
(Langsaan Sonskynkafee)

**Alle benodigdhede vir dames word teen billike pryse aangebied.**

# SKAAKRUBRIEK

Maandagaand 8 Augustus het mnr. W. J. Mühring, wat saam met dr. Max Euwe (Nederland) op 'n skaaktoer deur ons land is, 42 spelers van Potchefstroom en omliggende dorpe aangedurf. Hiervan het hy ongeveer helfte binne 3½ uur geklop terwyl die einduitslag na byna 5 ure se taai spel as volg was: wen 36, verloor 2, gelykop 4. Die twee wenners is mnr. I. F. Williams (Potchefstroom) en dr. A. W. Middelberg (Sasolburg). **Onder die vier gelykopspelers was Danie Prins van ons Universiteit.**

Onder die gelyktydige wedstryde wat **dr. Euwe** tot dusver gespeel het noem ons die volgende (ontleen aan **Die Burger,** 2 Aug.): In **Johannesburg** 30 potte; wen 28, 2 gelykop. Weer in **Johannesburg,** 30 potte; wen 26, 3 gelykop en 1 verloor. In **Johannesburg met horlosies,** 4 potte; 3 gewen en 1 gelykop (teen Dreyer, Driman, Lewinberg en dr. Petzall). In **Benoni,** 32 potte, waarvan al 32 gewen is. In **Rondebosch,** 30 potte; 23 gewen, 6 gelyk, 1 verloor. In **Oos-Londen,** 32 potte; wen 29, 1 gelykop, 2 verloor. In **Stellenbosch,** 30 potte; wen 28, 1 gelyk, 1 verloor.

Mnr. Mühring speel verder in Oos-In **Johannesburg,** 56 potte; wen 38, speel 13 gelykop en verloor 5. In **Pretoria,** 42 potte; wen 36, 5 gelykop en 1 verloor. In **Kroonstad,** 34 potte; wen 31, 3 gelykop. In **Rondebosch,** 38 potte; wen 28, 7 gelyk, verloor 3. Mnr. Mühring speel verder in Oos-Londen afsonderlik gelyk teen Leon Wilken en K. Kirby.

Dr. Euwe het op Woensdagaand 27 Julie teen 9 spelers, Grivainis, Schobi, Snoek, Rabinowitz, Reitstein, Lewis, Isaacson, McBride en Bergenhoff — almal goeie kenners van die spel — gelyktydig te staan gekom met die horlosie. Hy moes dus nege keer so vinnig speel as sy teenstanders! Hy het slegs teen Grivainis verloor, gelykop gespeel teen Rabinowitz, Reitstein en McBride en die ander vyf geklop.

Ons gee hier die spel weer tussen Grivainis en Euwe verwerk uit **Die Burger,** 2 Aug. 1955):

**WIT:** K. V. Grivainis; **SWART:** Dr. Max Euwe.

1. P-Q4; P-Q4, 2. B-Kt5; P-QB3, P-K3, Q-Kt3; 4. P-Qkt3; Kt-B3. 5. BxKt; KPxB. 6. B-Q3; P-QR4. 7. Kt-K2; P-R5. 8. Kt-Q2; B-R6. 9. 0-0; 0-0. 10. P-QB4; KB-Kt5 (herstelling van sy flater in 8 . . . .; B-R6. Swart al sterk op die verdediging). 11. Kt-KB3; P-R6. 12. Kt-B4; Q-R4 (sonder enige verbetering in sy posisie). 13. QR-B1; Kt-R3 (Kt-K2 bied miskien beter vooruitsigte na 12. . . . . . . .; B-K4) 14. Q-B2 (begin van mooi plan); P-KKt3 (onder omstandighede die beste). 15. P-B5; QB-Kt5. 16. P-R4; BxKt? (Offer Loper met sleutelposisie op en bevorder wit se planne). 17. PxB; P-B4. 18. K-Kt2; P-R4. 19. R-KR1; Q-B2. 20. QR-KKt1; KR-K1, (om uitvlugkans vir sy koning te bied). 21. K-B1; K-B1 (. . . . .; K-R1 of R2 sou groot verliese in die hand werk). 22. BxP!; PxB. 23. QxP; K-K2. 24. R-Kt7; R-KB1. 25. Kt-Kt6 sk.; K-K1. 26. KtxR; KxKt. 27. R(R1)-Ktl; BxP (laaste poging). 28. R-Kt8 sk. waarop swart bedank.

Dit is seker dat Grivainis 'n ander deuntjie sou gesing het as dr. Euwe nie mer verdeelde aandag moes speel nie. Die sette van dr. Euwe is as gevolg van hul gejaagdheid dikwels baie kortsigtig.

**MNR. J. S. DU PLESSIS,**

U VERTEENWOORDIGER VAN

**REMBRANDT**

**Meyerstraat 9 — Telefoon 897**

**POTCHEFSTROOM.**

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

**• OOGKUNDIGE.**

**• Brilspesialiteit.**

**U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.**

**Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980**

EIE OPTIESE SLYPERY.

**Depot: CARLZEIS-JENA.**

# ALABAMA TOER DEUR RHODESIË
## TOON £300 WINS

Vir 'n derde keer binne enkele jare het die Alabama studente-orkes weer eens vanjaar gedurende die pas afgelope Julievakansie deur Rhodesië getoer om nie alleen die naam van ons Alma Mater ten noorde van die Limpopo uit te dra nie, maar om ook geld in te samel ten bate van die Studentesaal-boufonds. Alhoewel die toergesleskap, wat die finansiële sy betref, nie so suksesvol was as die vorige jare nie, kan nietemin gemeld word dat Mnr. Ockert Strydom en sy geselskap alle lof verdien vir hulle onbaatsugtige opoffering en diens aan die Universiteit, en kon hulle nogtans ongeveer £300 wins aan die Studenteraad oorhandig.




**Die Alabama-groep op die Beitbrug oor die Limpopo-rivier, afgeneem**

Die geselskap het Potchefstroom op die 30ste Junie per bus verlaat en voordat hulle die Limpopo oorgesteek het, kon hulle al spog met drie baie geslaagde opvoerings te Nylstroom, Messina en Tshipise. In Rhodesië self is daar op die volgende plekke opvoerings gehou: Fort Victoria, Chipinga, Melsetter-Noord, Umtali, Inyazura, Rusape, Marendellas, Salisbury, Enkeldoorn, Gwelo, Gatooma, Sinoia, Chona, Wankie en Bulawayo. Die rekord-inkomste van die geselskap is behaal op Enkeldoorn waar £120 ingesamel is.

**Volgens die toerlede, was die hoogtepunt van die toer ongetwyfeld die kort verblyf van die geselskap by die Livingstone-watervalle waar o.a. geen opvoering gehou is nie, en die Pukke vir die eerste keer na talle vermoeiende opvoerings 'n blaaskansie gekry het.**

Die Alabama moes soms onder moeilike omstandighede hulle program aanbied. Talle organisasie-moeilikhede het opgeduik maar is gereeld op behendige wyse deur mnr. Hennie van der Walt, die organiseerder, en mnr. Strydom, die toerleier, uit die weg geruim. Die sukses van die toer was dan ook grotendeels aan hulle en Pieter Thiel, die penningmeester toe te skryf.

In 'n onderhoud met enkele van die toerlede, het dit geblyk dat daar deurgaans 'n baie goeie gees geheers het.

Uit die finansiële verslag van die penningmeester van die toer, het dit geblyk dat die uitgawes van die toer hoog geloop het. Daar moes o.a. £700 betaal word vir die bus wat die geselskap gehuur het; verder moes daar £200 bestee word aan reklame. Indien hierdie uitgawes nie so hoog was nie, sou die Alabama ongetwyfeld met 'n rekord-wins na die Universiteit kon terugkeer, aangesien hulle gedurende die toer ongeveer £1200 ingesamel het.

Nogtans het die geselskap talle mooi suksesse behaal en is ons almal saam met hulle bly dat alles goed afgeloop het.

**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

**MNR. VENTER,**

**Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,**

**POTCHEFSTROOM**

**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

# A.S.B.-KONSERTREIS NA EUROPA
## HENNIE COETZEE VEROWER PLEK

„Die gelukkige groep studente wat gekies is om die einde van die jaar onder beskerming van die Afrikaanse Studentebond 'n konsertreis na Europa te onderneem, het gisteraand 'n impromptu-program van werklik hoogstaande gehalte in die Vissersaal aangebied. Veral in die sangnommers is 'n verrassende standaard bereik. Diegene wat vir die samestelling van die program verantwoordelik was, behoort baie tevrede te voel oor die verskeidenheid van talent wat tot hulle beskikking gestel is." Hierdie lofbetuiging het in die „Volksblad" van 21 Julie verskyn, nadat die groepie studente wat vanaf 15-16 Julie tydens 'n keurkompetisie te Bloemfontein gekies is vir die oorsese konserttoer van die A.S.B., op Woensdagaand 20 Julie 'n konserttoer in die Vissersaal gehou het.

Sowat 35 studente van byna alle A.S.B.-sentra het die keurkompetisie bygewoon, waar die regisseur, mnr. Schalk Theron, en 'n groot aantal helpers, die aspirante 'n veeleisende keurproses laat deurgaan het.

### TOERGROEP

Die finale groepie is as volg gekies: Mnr. W. van Tonder (U.P. Binnemuurs): klavierbegeleir; P. Geldenhuys (Wellington): konsertinaspeler; G. Viljoen (U.S.): ghitaarspeler; G. M. Steyn (U.P. Binnemuurs). sanger en volksdanser; L. Fourie (U.V.): L. van Rensburg (U.S.): sanger en volksdanser; E. Agenbach (U.V.): sanger en volksdanser; A. Loubser (U.S.): sanger en volksdanser; H. Coetzee (P.U. vir C.H.O.): sanger en volksdanser;



**MNR. HENNIE COETZEE**

D. Smith (U.V.): sanger en volksdanser; Mansreserwes: Mnre. S. P. Pauw (U.S.) en J. Rossouw (P.U.); Mejj. S. Maré (U.P. Binnemuurs): sangeres en volksdanseres; F. A. Kok (U.P. Buitemuurs): sangeres en volksdanseres; H. Agenbach (Wellington): sangeres en volksdanseres; E. van Rooyen (U.V.): R. Webb (Pretoria Normaal): sangeres en volksdanseres; M. Plews (Pretoria Normaal): sangeres en volksdanseres; C. Rudolph (P.O.K.): sangeres en volksdanseres; M. v.d. Westhuizen (P.O.K.): sangeres en volksdanseres; M. Adler (U.S.): sangeres en volksdanseres; J. Bekker (U.S.): sangeres en volksdanseres. Damesreserwes: Mejj. C. Loubser (U.S.) en A. Steyn (U.V.).

Die reisvader van die groepie, dr. G. Cillie (jnr.) van U.S. was behulpsaam met die voorlopige afrigting van die groepie van Maandag 18 tot Woensdag 20 Julie, en 'n paar verwerkings van bekende Afrikaanse wysies wat hy die uitgelese groep gekeurdes laat instudeer het, het ook veel lof in die „Friend" verwek, nadat hulle die Britse Toerspan op die Bloemfonteinse stasie ge-„serenade" het. Hierdie blad verklaar: „Their rendering of Bobbejaan, and other well-known Afrikaans songs, amazed the tourists."

Hulle repeteer weer vanaf 12 Desember in Stellenbosch, waarvandaan hulle onmiddellik per skip op die toer vertrek.

### REISPLAN

Die voorlopige reisplan is as volg opgestel:

Vertrek uit Kaapstad op 23 Desember. Aankoms te Southampton: 6 Januarie 1956. Opvoerings hierna in Londen en Wallis. Dan oor na die kontinent waar die toer 'n aanvang neem in Vlaandere, dan na vervolgens Oostenryk, Duitsland en Holland waar die toer op ongeveer 18 Februarie ten einde loop. Ook Frankryk en Switserland sal vir 'n kort tydjie aangedoen word. Verskeie radio-uitsendings sal in Oostenryk en Holland gedoen word. Die toergroep sal 'n nie te besige tyd hê nie, aangesien slegs sowat elke tweede aand opgevoer word.

Die regisseur, mnr. Theron het reeds 'n uiters interessante program opgestel, waarin die herkoms, geskiedenis. kultuur en hedendaagse posisie van die Afrikanervolk met behulp van egte Afrikaanse musiek en volkspele in verhaalvorm uitgebeeld word.

### GRATIS TOER VIR BESTE KOLLEKTE

Die Hoofbestuur van die A.S.B. wil taksbesture hartlik bedank vir die moeite wat hulle dusver met hierdie skema gedoen het, en maak 'n vriendelike dog dringende beroep op alle Afrikaanse studente om kollektelyste te neem en te help kollekteer vir hierdie skema. Slegs nog sowat £1800 word benodig. Aan die persoon wat die meeste kollekteer word 'n gratis toer oorsee aangebied.

# Wereldberoemde Tipoloog Besoek ons Weer

Gedurende die afgelope week was die gemeenskap van ons universiteit weer bevoorreg om in ons midde te ontvang die beroemde Tipoloog wat 'n paar maande gelede so 'n waardevolle en insiggewende studie van ons Studentetipes in die „Wapad" gepubliseer het. Hierdie besoek het hy gebring aan die drie Dameskoshuise, en sy bevindings is dan ook gegrond op die waarneming van eerstejaars wanneer hulle die taak van kos aan tafel moet vervul. Sodanige eerstejaars word in vier groepe of tipes verdeel, naamlik die **Egoïste**, die **Opofferendes**, die **Planmatiges**, en die **Gedisorganiseerdes.**

Die geleerde het ook hierdie keer by elke tipe 'n prognostiese voorspelling gedoen van die wyse waarop hierdie karaktertipes hulle in hulle senior jare sal openbaar. As huiskomiteelede nou net hulle eerstejaars noukeurig klassifiseer en dan kyk hoedanige seniors hulle beloof om te wees, kan daar nou reeds veel gedoen word om die toekoms van ons inrigting te verseker.

1. **DIE EGOïSTE.**

**Kenmerke:** Sodra daar 'n skottel voor lede van hierdie tipe neergesit word, soek hulle dadelik die sappigste, grootste, of lekkerste (al na gelang van watter kossoort dit is) stukkie met hulle gedagte uit. Voor enige oudame dan 'n sekere stukkie vir haarself kan reserveer begin die eerstejaar soos 'n fanatiek inskep, maar sorg dat sy nie naby die gekose stukkie kom nie. Heel laaste word tan dié stukkie triomfantelik op haar eie bord geskep. Simbolies voorgestel sou die agt borde wat sy uitskep so voorkom: oooooooO. As haar geliefkoosde oudame egter op die onderpunt van die tafel sit, mag dit so voorkom, maar alleen in heel uitsonderlike gevalle: OooooooO.

**Voorspelling:** Hierdie tipe is die tipe wat die voorsitters, kapteine en hoofdames oplewer. Te midde van slegte omstandighede is hulle in staat om op diplomatiese wyse te floreer.

2. **DIE OPOFFERENDES.**

**Kenmerke:** Wanneer die skottel kos kom, reserveer hulle die slegste stukkie, nie vir 'n ondame nie, maar vir hulle self. Voor met die inskepproses begin word, word daar eers noukeurig navraag gedoen na die besondere smaak van elkeen: hard af sag? (eiers), dik of dun? (sop), gaar of rou? (Vleis) met sous of droog? (sopvleis). As almal dan volgens bestelling gehelp is, neem sy wat oorbly, of as daar niks oorbly nie, verseker sy haar tafelgenote (terwyl haar maag skree van honger) dat sy gladnie vandag lus het vir kos nie. Grafies voorgestel lyk dit so: OOOOOOOo of net OOOOOOO.

**Voorspelling:** Hierdie is die tipe wat in haar eerstejaar alle boodskappe vir die oudames doen en alle foon en voordeur vir haar mede-eerstejaars. Hulle sal nooit die leiers word nie, maar word dikwels steunpilare as die kamermaats van gesiene persoonlikhede by wie hulle hul stille invloed laat geld.

3. **DIE PLANMATIGES.**

Hierdie tipe is heel dikwels wiskundig en wetenskaplik aangelê, want sodra hulle die skottel ter insae gekry het, maak hulle 'n geestelike berekening van die mees regverdige verdeling. By hulle sal mens dit dikwels aantref dat as daar per ongeluk nege piesangs in die skottel is, die ekstra een in agt gelyke stukkies verdeel word. Word daar poeding in ronde skottels gebring, sal hulle gou eers uitwerk dat daar agt stukkies afgesny moet word waarvan die tophoek van elkeen 45 grade moet wees. Grafies voorgestel: oooooooo.

**Voorspelling:** Hierdie persone het dié karaktertrek dat hulle alles en almal op gelyke basis wil behandel. Hulle is die tipe wat nooit 'n kêrel het nie, vir die eenvoudige rede dat hulle nie daarvan hou om een man bo die res te bevoorreg nie.

4. **DIE GEDISORGANISEERDES.**

Hierdie tipe het geen skema waarvolgens hulle werk nie, hulle het geen vooroordele nie, en ook geen voorkeur nie. Die lepel word vasgevat, en die een porsie na die ander word ingeskep sodat dit gevolglik byna altyd gebeur dat die kos op is en die leë borde nog gladnie. Dan moet almal weer hulle borde terugstuur sodat daar van elkeen bietjie afgeknyp kan word om genoeg te kry. Dis 'n aardigheid om hulle te sien melk uitdeel. Die eerste glas word vol gegooi sodat daar dan vir ongeveer tien minute lank heen en weer oorgegooi word voor dit na haar satisfaksie gedoen is. Grafiek: te wisselend om aan te toon.

**Voorspelling:** Hierdie is die tipe wat in hulle eerste jaar 'n Goldrush veroorsaak, en in hulle derde jaar reeds verloof raak. Die mans kan dood daaroor as hulle so onbeholpe en afhanklik is.

## SING A SONG OF STUDENTS

**Lang Stoney:** „As jy ooit 'n leeu wil jag."

**Arie v.d. Walt:** „Loves old Sweet Song."

**Betty Linde:** „Naughty Lady of Shady Lane."

**Hannetjie Pretorius:** „Die vrolike weduwee."

**Gert Bester:** „Will you, won't you marry me."

## ONS BOEKHOEKIE

**Vulletjie:** „Laat Vrugte."

**Boet Duvenhage:** „Ampie die kind."

**Louw Erasmus:** „Trompie, die Sterk seun."

**Paul de Bruyn:** „Gooi my vir die Aasvoëls."

**Dick Hauptfleisch:** „Saluut korporaal."

# DIE TRAGIESE UITEINDE

**Gegee:** 'n Aanvallige eerstejaartjie en legio bewonderende ouhere.

**Gevra:** Om te bewys dat gegewe eerstejaar binne die bestek van 4 jaar verander in 'n geharde mannehater en 'n deur-manne-gehate oudame.

**Bewys: Deel I:** Doortjie middelpunt van belangstelling.
Skiet na ontheffing.
Sleep en kys.
Oortree en word gehek.
Tragiese heldin ten koste van oudames.
Toppunt van glorie.

**Deel II:** Blye reunie met kêrel na vakansie.
Nuwe doortjies verskyn op prentjie.
Die legio ouhere verminder na ½-legio.
Ster besig om te verskiet.

**Deel III:** Nuutste Doortjies verskyn weer.
Belangstellende ouhere nou seer zero.
Verkiesing op huiskomitee finale nekslag.

**Deel IV:** Allernuutste Doortjies arriveer.
Belangstellende ouhere nou minder as zero: alleen antagonistiese ouhere bly oor.
Hek doortjies links en regs.
Lot as geharde feminis nou finaal verseël.

Q.E.D.

**Gevolgtrekking:** Geen nuwe Dore moet meer toegelaat word nie.

**Opmerking:** Wat dan van die Pote se eerstejaars?


## DIE BULT SKAATSBAAN

**„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"**

**Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.**

## J. P. van der WALT APTEEK

**Kerkstraat 111 — Potchefstroom.**

**„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**


# STEL U VOOR . . . .

**„Stoker" Snyman:** Sonder kordiet in 'n kannonloop.

**Spekkie:** as 'n outydse ridder.

**Koos du Plooy:** as „The Student Prince."

**Peet Steyn:** sonder sy arnosterkaros

**N. Laubscher:** met 'n Toni.

**Doy van Zyl:** met silwer oorbelle.

**Van Dalsen:** met 'n bles.

**Vos Venter:** met wit melkbaard. ......

**Stasie Barnard:** as 'n biskop.

**Salmon Swanepoel:** as 'n kunsskilder.

**Louw v.d. Vyver:** met 'n fietsbinneband op die Nyl.

## P.U. FILMADS OF THE WEEK

**Die U.O.D.'s** in „Frontier Fugitives."

**A. P. Brink** in „The Third Man."

**R. v.d. Walt** in „The last time I saw Paris."

**Peet Smit** in „Gentlemen prefer Blondes."

**Jurie Venter** in „Tarzan and the She-devil."

**Lenie de Beer** in „Her twelve men."

**M. Bischoff** in „Point of No Return."

**Kulu** in „Ring of Fear."

**Wouter de Vos** in „Dedective Story."

**Hannetjie v.d. Walt** in „Geld soos Bossies."

**J. B. du Plessis** in „Hans die Skipper."

**Tokkelok** in „Untamed."

**Piet du Plessis** in „Darkest Africa."

**At Engelbrect** in „The Laughing Samba."


## INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- Wynsoorte

en

- Spiritualieë

## Schoonhoven Haarkappers

**„Dames en Here Studente! . . . . "**

Hier is die adres van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:

**Foon 1486.** **Eienaar: G. SCHOONHOVEN.**

# Tukkies Geklop op Hokkietoernooi

## Reent Ry Wedstryde in Wiele

Op Sondagmiddag die 17e Julie, het die Dameshokkiespan in Kaapstad aangekom vir mededinging in die tiende jaarlikse inter-universitêre hokkietoernooi. Die geselskap het bestaan uit dertien spelers en die reismoeder, Mev. Stopforth. Die onderkapteine van die span, Lunda Grobbelaar, het kort voor die vertrek Kaap toe siek geword, en kon toe nie saamgaan nie. Die Ikeys het die Pukke by die stasie ontmoet en hulle per motor Universiteit toe geneem.

Toe die eerste wedstryde Maandag begin het, het dit geblyk dat die goeie weer van die vorige week nie sou aanhou nie, en die eerste dag se wedstryde is byna almal in die reën gespeel. Vir die res van die week was die bane dus in 'n baie swak toestand, en dit het byna die hele week met tussenposes gereën. Toe die Pukkies op die veld draf vir hulle eerste wedstryd teen Natal, het dit reeds gesous. Na ongeveer tien minute was almal deur-en-deur nat, maar die wedstryd is klaar gespeel, en die Pukke verloor 3—0.

„NAT WEDSTRYD"

Met een strykyster en twee verwarmers tussen elf nat spelers, het dit voorwaar puik organisasie gekos om die klere in 'n speelbare toestand v r die volgende dag te kry. Die tweede wedstryd van die Pukke was dan teen die gedugte span van Kaapstad, wat die vorige dag vir Pretoria 'n pak van 19-1 gegee het, en ook as wenners van die toernooi geëindig het. Hierdie wedstryd verloor die Pukke 8-0. Die derde wedstryd van die Pukke teen Wits was teleurstellend. Halftyd het die Pukke 1-0 agter geloop, en kon, te oordeel na die spel van die eerste helfte, maklik ten minste gelykop gespeel het. Hulle het egter teen die einde verslap, en verloor 4-0. Met die volgende wedstryd teen Ukovs was die Pukke beslis ongelukkig. Hulle het baie kanse gehad in die sirkel, en 'n hele paar skote na die doel was mis. Die eindtelling van 5-0 is geen weergawe van die spel nie.

TUKKIES GEKLOP

Die volgende wedstryd teen Rhodes moes halftyd gestaak word a.g.v. reën Aangesien daar toe nog geen telling was nie, het die twee spanne die punte gedeel, en so kry die Pukke dan hulle eerste punt. In hulle wedstryd teen Tukkies het die Pukkies vir die eerste keer reggekom. Die voorspelers het pragtig gekombineer, en die Pukke wen dan ook 4-1. Toe die eindfluitjie blaas was hulle eintlik jammer om op te hou. Die middag sou die wedstryd teen Stellenbosch gespeel word, maar die reën het dit weer onmoontlik gemaak, en die punte is gedeel. So eindig die Pukke dan met 4 punte in hierdie toernooi, en kom sewende van die agt spanne. Hierdie vertoning van die Pukke is van die beste van die afgelope vier jaar, want in die vorige drie toernooie het hulle 1, 5 en 1 punte respektiewelik behaal.

Wat die sosiale sy betref, is die Pukkies baie vriendelik deur Kaapstad onthaal. Daar was o.a. 'n verwelkoming deur die Prinsipaal en 'n bioskoopvertoning. Die Pukke het ook die Kasteel, die hawe en die Botaniese tuine by Kirstenbosch besoek.

In geheel was dit 'n besonder aangename toernooi, en elke speler het dit terdeë geniet, beide wat betref die spel, sowel as die sosiale sy. Besondere vermelding moet van die reismoeder, Mev. Stopforth, gemaak word. Sy het die belange van elke speler op haar hart gedra, en was altyd gereed om te help. Sy het haar volkome vereenselwig met die studentegees wat daar onder die Pukkies geheers het, en 'n besondere plekkie in die hart van elkeen verower.

## THEOS KLOP GARNISOEN

In wedstryd wat gekenmerk is deur min agterlynbewegings, harde voorspelerspel en talle strafskoppe, het Theos 'n week gelede daarin geslaag om die span van Garnisoen met ses punte (2 strafdoele) teen nul te verslaan. Die punte is aangeteken deur **Lang Stoney Steenkamp.**

Alhoewel hierdie wedstryd nie een van Theos se bestes was nie, wat toegeskryf kan word aan die lang vakansie wat so pas agter die rug is, loop die eerstespan nou los voor in die liga en wel met agt punte voor die span wat tweede in die liga is. **Daar lê egter nog 'n hele paar wedstryde voor en as Theos kan volhou met die spel wat hulle tot dusver gespeel het, behoort hulle sowel die Neser- as die Blainebeker in te palm.**

Op dieselfde dag het Navy ook daarin geslaag om die tweede span van Garnisoen met 20 punte teen nul te verslaan.

## MANSHOKKIE VERTOON GOED

In 'n vinnige en sprankelende wedstryd het die eerste Manshokkiespan verlede Saterdag daarin geslaag om die sterk span van Blyvooruitzicht met 5 doele teen 1 te verslaan. Gedurende die eerste helfte van die wedstryd het die spel baie gelykop verloop maar in die tweede helfte het die Pukke met een verwoede aanval na die ander die Blyvoorspan op die verdediging gedryf om sodoende ook gedurende daardie helfte vier van die vyf doele aan te teken. Punte is aangeteken deur **Wiese (2), Piet van Wyk (2) en Bern Pienaar (1).**

In 'n tweedeligawedstryd het die tweede span die derde span met 2 doele teen 1 verslaan.

# OUD-PUKKE DRA GROEN EN GOUD

Met trots kan ons roem op reeds drie oud-studente van ons Alma Mater wat hoë onderskeidings behaal het in die buitewêreld en wel op die gebied van sport.

BASIE VAN WYK

Eerstens noem ons die ou staatmaker Basie van Wyk. In 1946 was hy reeds Kaptein van Theos. Hy het vir Wes-Transvaal gespeel en die Puk sowel as Wes-Transvaal op die atletiekbaan verteenwoordig. Ook het hy aan verskeie Dalrymple-byeenkomste deelgeneem.



BASIE VAN WYK

In 1951-52 is hy as Springbok rugbyspeler gekies vir die toer deur die Britse eilande en Frankryk. In 1953 is hy weer as Springbok verkies om Suid-Afrika teen die Wallabies te verteenwoordig. Saterdag 6 Augustus 1955 was sy negende internasionale toetswedstryd.

Basie was 'n B.Comm. en U.O.D.-student en in 1953 ontvang hy ook die graad B.Ed. aan hierdie Universiteit.

JOHAN CLAASSEN

Die tweede wat ons noem is Johan Claassen. Op Saterdag 6 Augustus het hy ook vir die eerste keer die groen en goud aangetrek om Suid-Afrika teen die Britte te verteenwoordig. Hy was op P.O.K. waar hy in 1951 hom as onderwyser bekwaam het en in 1952 was hy 'n ingeskrewe student op P.U. Hy het vir Theos voetbal gespeel en is ook vir Wes-Transvaal gekies.

PA PELSER

Pa Pelser wat saam met Basie die graad B.Ed. aan die P.U. ontvang het, is vanjaar as kaptein van die Junior Springbokke gekies.

Hierdie drie oudstudente van die P.U. is maar die eerste van talle wat aan die P.U. studeer het en nog die groen en goud gedra het. Volgende jaar behoort sowel Lang Stoney Steenkamp as Dick Putter ons land op die voetbalveld te verteenwoordig.

## KORT EN KRAGTIG

Die genie vind sy eie weg en dra sy eie lamp.

* * *

Vars wonde deins terug vir die genesende hand.

* * *

**Die liefde tussen twee mense is dikwels slegs die voorreg om mekaar die grootste smart te mag berokken.**

**TURKSTRA BAKKERY**
Raadpleeg ons vir . . .
- BRUIDSKOEKE,
- BROOD
en
- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . !

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
DIE STUDENTEBEDIENERS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.
Bedieners van Dames sowel as Mans.

**OOSTHUIZEN Kole-agentskap.**
Kerkstraat 70 — Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

DRINK en GENIET . . . . . .
**S & S**
**Super Dilla**
en
**Super Orange**
**Sherr & Shakinovsky**
AUTOLAAN,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 16.

Vir bevredigende diens . . . . !
besoek
**DIE LOKALE HAARKAPPERS**
KING'S HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 158 — Telefoon 902.
POTCHEFSTROOM.
Eienaar: P. W. Taljaard.

Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM
For/Vir
**"SUNFROZE"**
**Roomys — Ice Cream**